# LAERSKOOL EDLEEN
# NASKOOLSENTRUM

# INSKRYWINGSVORM
## 2019
## Gr1 – Gr 7

**NASKOOLSENTRUM**: 072 311 4384 Gerrie Cloete – Naskoolsentrum Koördineerder

**TYE 13:40 – 17:30**

**Vakansie naskoolure: 7:00 – 17:30**

Posbus 8030 – Edleen – 1625
Tel: 011 - 976 1033/4
Email: hoof@laerskooledleen.co.za

**NASKOOL ADMINISTRASIE KANTOOR:**

Epos: Finansies: fin2@laerskooledleen.co.za

Algemeen: cloete.gerrie@gmail.com /

**NB!! <u>Inskrywingsvorm:</u>** admin@laerskooledleen.co.za
Tel no 011 – 976 1033/4
**(8:00 – 13:30)**



VOLTOOI VORM EN STUUR ASB DADELIK TERUG

**GEEN** leerling sal by die Naskool toegelaat word **sonder** 'n ingehandige Inskrywingsvorm.

**Geen telefoniese** inskrywings word aanvaar nie!!

Maak asseblief seker dat u Naskoolrekening

voor die 3de van elke maand vir

11 maande betaal is!!!!

Alle fooie is vooruitbetaalbaar!!

**Bankbesonderhede:**

LAERSKOOL EDLEEN

ABSA

Takkode: 632 005

Rekening no: 260 750 534

Verwysing: Selfde as vir skoolfonds met **NS**

U **moet** asseblief *spesifiseer* dat dit naskoolgeld is.

Betaal asseblief apart van u Skoolfooie in!!

***Gr. 1 – 3 MOET ASSEBLIEF HULLE EIE SKRYFBEHOEFTES BRING VIR STUDIE***

Naskoolsentrum begin Donderdag 3 Januarie 2019

Laerskool Edleen begin Woensday 9 Januarie 2019

**Vakansie Naskoolure: 7:00 - 17:30**

**Gedurende Skooltermyne: 13:00 - 17:30**

Aanhangsel A

# LAERSKOOL EDLEEN
# NASKOOLSENTRUM
## GESINSBESONDERHEDE

| VIR KANTOORGEBRUIK | |
|---|---|
| Toelatingsno: | |
| Rekeningno: | |
| Gr: | |

**SKRYF ASSEBLIEF DUIDELIK**

| | |
|---|---|
| Volle name van leerling | |
| Leerling se van | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Huwelikstatus van ouers | Getroud | Geskei | Onge-troud | Indien geskei, by wie woon leerling? | Moeder | Vader | Ander |
| | Voog | Ander | | | Groot-ouers | Familie | |

| OUER 1 / VADER / VOOG / ANDER | | | | OUER 2 / MOEDER/ VOOG / ANDER | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Van | | | | Van | | | |
| Volle name | | | | Volle name | | | |
| Noemnaam | | | | Noemnaam | | | |
| Titel | | | | Titel | | | |
| ID nommer | | | | ID nommer | | | |
| Afskrif van ID | Ja | Nee | | Afskrif van ID | Ja | Nee | |
| Beroep | | | | Beroep | | | |
| Werkgewer | | | | Werkgewer | | | |
| Werkadres | | | | Werkadres | | | |
| Huisadres | | | | Huisadres | | | |
| Posadres | | | | Posadres | | | |
| Kontak no: | Sel no: | | | Kontak no: | Sel no: | | |
| | Huis: | | | | Huis: | | |
| | Werk: | | | | Werk: | | |
| | Epos: | | | | Epos: | | |
| | Faks: | | | | Faks: | | |
| | Ander | | | | Ander: | | |

| ANDER KONTAKPERSOON IN GEVAL VAN NOOD | | | ANDER KONTAKPERSOON IN GEVAL VAN NOOD | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Van: | | | Van: | | |
| Naam: | | | Naam: | | |
| Verwantskap: | | | Verwantskap: | | |
| Huisadres: | | | Huisadres: | | |
| Kontak no: | Sell nr. | | Kontak no: | Sell nr. | |
| | Huis: | | | Huis: | |
| | Werk: | | | Werk: | |



Parafeer:________

# Laerskool Edleen Naskoolsentrum

## Leerling se inligting

**Persoonlike inligting van leerling** (In drukskrif asb)

| | |
|---|---|
| Van | |
| Volle name | |
| Noemnaam | |
| Graad 2017 | |
| Geslag S/D | |
| Geboortedatum (D/M/J) | |

| | | |
|---|---|---|
| Vorige naskool | | |
| Naam van Mediesefonds | | |
| Mediesefonds nommer | | |
| Hooflid | | |
| Naam van Dokter | | |
| Telefoon no van dokter | | |
| **Taal** | | |
| Leerling se huistaal | | |
| Leerling se moedertaal | | |
| | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Gesondheidsprobleme bv Allergie**<br>(grondboontjies/eiers/bysteek) Diabetes, Epilepsie, ens | | | |
| Ouer 1 (Vader) Suid-Afrikaanse Burger | Ja | Nee | |
| Ouer 2 (Moeder) Suid-Afrikaanse Burger | Ja | Nee | |
| Ouer 1 (Vader) Immigrant | Ja | Nee | Indien ja, datum van immigrasie |
| Ouer 2 (Moeder) Immigrant | Ja | Nee | Indien ja, datum van immigrasie |

Parafeer: _______________

# BELANGRIKE FINANSIëLE INLIGTING

| | | |
|---|---|---|
| Persoon verantwoordelik vir rekening | Volle name | |
| Ouer 1 (Vader)/Voog | ID nommer | |
| Ander | Woonadres | |
| | Handtekening | |
| Persoon verantwoordelik vir rekening | Volle name | |
| Ouer 2 (moeder)/Voog | ID nommer | |
| Ander | Woonadres | |
| | Handtekening | |

| | | |
|---|---|---|
| Adres vir korrespondensie | Adres 1 | Adres 2 |
| Finansiële rekeninge ens | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

Skoolfooie is betaalbaar teen die 3de (derde) van elke maand

| Metode van betaling | Internet | Kontant maandeliks | Debietorder |
|---|---|---|---|

________________________ ______________

Handtekening : Ouer 1 (Vader) Datum

________________________ ______________

Handtekening: Ouer 2 (Moeder) Datum

________________________ ______________

Handtekening: Voog (indien wel) Datum

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Verpligte dokumentasie | Afskrif van ouer se ID (1 - Vader) | | JA | NEE |
| | (2 - Moeder) | | JA | NEE |
| | Afskrif van Mediesefondskaart | | JA | NEE |
| | Bewys van verblyf | | JA | NEE |

Parafeer: ___________

# 2019

Memorandum van ooreenkoms aangegaan deur en tussen

## LAERSKOOL EDLEEN NASKOOLSENTRUM

(Hierna Naskoolsentrum)

en

________________________________________________

(Volle name van Ouers)

Hieronder word die termes en voorwaardes vir toelating as 'n leerling tot die skool uiteengesit. Hierdie ooreenkoms bevat belangrike inligting en moet noukeurig gelees word.

## VOORWAARDES VIR OPNAME VAN LEERLING

1. Die Naskoolsentrum funksioneer gedurende skooltermyne en sal **gesluit** wees op Openbare Vakansiedae en Skole vakansiedae. 'n Vakansiesentrum is gedurende skoolvakansies beskikbaar op ons terrein. Desembermaand sal die Naskoolsentrum slegs vir 'n gedeelte van die maand oop wees.
2. Die Naskoolsentrum sluit om 17:30. Indien u u kind laat kom haal, word 'n ekstra fooi van R30.00 per leerling, vir elke 5 minute vanaf 17:30 gehef, wat onmiddelik in kontant betaalbaar is. U sawewerking in hierdie verband sal opreg waardeer word. **Naskoolsentrum se telefoonnommer – 072 311 4384 – vanaf 13:45**
3. Fooie:
   - 3.1. Vakansietariewe is vir leerlinge wat net van die sentrum gedurende vakansies gebruik maak. Tariewe is per dag per leerling, **ongeag** die tyd wat die leerling huis toe gaan. Slegs leerlinge van Laerskool Edleen mag van die sentrum gebruik maak.
   - 3.2. Middagtariewe is per leerling gedurende die skooltermyn wat net sekere dae die sentrum bywoon.
   - 3.3. **Fooie is streng vooruit betaalbaar voor of op die 3de van elke maand**. Plaas asb. alle gelde in 'n duidelik gemerkte koevert. U kan dit direk in die bankrekening inbetaal. U kan dit by die Laerskool Edleen se Finansiële kantoor inbetaal. (Tussen 7:30 – 13:00)
   - 3.4. Tjeks moet uitgemaak word aan Laerskool Edleen.
   - 3.5 Fooie kan ook per debietorder betaal word (vorm beskikbaar by finansiële kantoor). U moet een kalendermaand kennis gee, m.a.w as u op die 10de van die maand kennis gee, betaal u tot die 10de van die volgende maand. Kennisgewing van opsegging word bereken vanaf datum waarop u skriftelike kennisgewing ons bereik. Geen mondelinge kennisgewing sal aanvaar word nie.
   - 3.6 Versuim om fooie streng vooruit te betaal in die afwesigheid van formele skriftelike reëlings met betrekking tot die vereffening daarvan kan onder andere daartoe lei dat toelating van u kind/kinders geweier word.
4. Die leerlinge word van 'n middagmaal voorsien en kry weer later gedurende die middag verversings. Indien u kind allergies is vir enige voedselsoort of medikasie, bring dit asseblief onder ons aandag.
5. Die Naskoolsentrum is geregistreer by die Departement van Gesondheid en Welsyn en die voedsel wat aangebied word, is deur hulle goedgekeur.
6. Geen leerling sal toegelaat word om gedurende die middag die terrein te verlaat nie, tensy u SKRIFTELIK toestemming verleen. GEEN TELEFONIESE TOESTEMMING WORD AANVAAR NIE. Leerlinge moet persoonlik afgehaal EN uitgeteken word of deur persone wat skriftelik deur u gemagtig is. Indien u kind op 'n sekere tyd moet huis toe gaan, het sy per voet of per fiets moet u dit skriftelik magtig en die tyd aandui waarop die kind die terrein moet verlaat.
7. Dit is die kind/ers se **eie** verantwoordelikheid om by die Naskoolsentrum aan te meld vir studie wanneer hulle klaar is met buitemuurse aktiwiteite.
8. Leerlinge wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem moet eers by Naskool aanmeld EN gaan eet voordat hulle na die buitemuurse aktiwiteit gaan.

9. Daar word voorsiening gemaak vir studietyd, alvorens daar in die middae met ander aktiwiteite by die Naskoolsentrum begin word. Neem asseblief kennis dat studietyd nie u as ouer se aandag en pligte saans vervang nie. Toon asseblief belangstelling in u kind se werk en help toesien dat die beste gelewer word.
10. Alle nodige voorsiening word getref teen beserings of ongelukke en deeglike toesig word toegepas. Indien u enige probleme ondervind, skakel asseblief die Hoof (011- 976-1033/4) sodat die probleme opgelos kan word. Alle sake sal as vertroulik hanteer word.
11. Wanbetalings
    a. Ingeval die ouers versuim om enige fooie teen die ooreengekome datum te betaal, is die hele uitstaande balans met inbegrip van kapitaal, sowel as rente bereken teen die huidige prima uitleen koers per jaar, onmiddellik betaalbaar en opeisbaar.
    b. Die ouer/s stem hiermee uitdruklik toe tot 'n invorderingskoste, met inbegrip prokureur- en kliëntekoste en invorderingskommissie.
    c. Die ouers wys hiermee aan, as domicilium et executandi (adres waar alle geregtelike prosesstukke beteken mag word) die, volgende fisiese adres.

    ______________________________________________

    ______________________________________________

12. Geen afstanddoening of toegewing wat deur die Naskoolsentrum toegestaan word en geen versuim deur die skool om tydig of spoedig enige reg kragtens hierdie ooreenkoms af te dwing, word geag neer te kom op 'n afstanddoening van daardie of enige ander reg.

13. Die skool reëls is van toepassing op die naskool met die voorbehoud dat as 'n privaat instelling die skool oor die reg beskik om u kind die naskool te verbied indien dissiplinêre gedragskodes ernstig oortree. In geringe gevalle sal u kind gestraf word met 'n skriftelike waarskuwing maar in baie ernstige gevalle of aanhoudende klein oortredings kan hy of sy die skool verbied word.

14. Elke leerling moet asseblief sorg dat hy/sy **elke middag** die nodige skryfbehoeftes het om huiswerk mee te doen.

15. Aanhangsel A, B, C, D,E en F word as 'n geregtelike deel van hierdie ooreenkoms beskou.

Geteken te Kempton Park op hierdie _____ dag van ____________________ 20_______

HANDTEKENING VAN VADER ______________________________

HANDTEKENING VAN MOEDER ______________________________

VOLLE VOORNAME VAN KIND ______________________________

GEBOORTEDATUM ______________________________

# MEDIESE INLIGTING



## LEERLINGE SE INLIGTING

VAN: ______________________________________________

VOLLE NAME: ______________________________________________

GEBOORTEDATUM: ______________________________________________

## PERSOON VERANTWOORDELIK VIR MEDIESE UITGAWES

VAN EN VOORLETTERS : ________________________________________________________

ADRES: ________________________________________________________

TEL (HUIS): _________________________ TEL (WERK) ____________________

NAAM VAN MEDIESEFONDS: ________________________________________________________

MEDIESEFONDS LIDNOMMER: ______________________________________________________

In geval van siekte of 'n ongeluk waar doktersbehandeling volgens die oordeel van die verantwoordelike persoon vir my kind nodig is waar ek nie betyds verwittig kan word nie, gee ek toestemming dat my kind na Edleen Mediese Sentrum geneem mag word.

Hiermee aanvaar ek _________________________________ volle verantwoordelikheid vir die rekening vanaf Edleen Mediese Sentrum indien my kind daarheen geneem word.

_____________________

Handtekening van Ouer/s





_________

Parafeer

# EDLEEN MEDICAL CENTRE TRUST

REG. NO IT9582/06

VAT NO 4230234801

PO BOX 8185
1625 EDLEEN

94 Green Ave
EDLEEN
1619 KEMPTONPARK

Tel 011 975 0631
Fax 011 394 0313

28 April 2017

Die Hoof/Headmaster

EDLEEN PRE-PRIMÊRE SKOOL/EDLEEN PRE-PRIMARY SCHOOL

RE: BEHANDELING VAN PASIËNTE VAN EDLEEN PRE-PRIMÊRE SKOOL/TREATMENT OF PATIENTS FROM PRE-PRIMARY SCHOOL 2017/18

Hiermee bevestig Edleen Mediese Sentrum dat ons enige geval en/of noodgeval hier sal behandel./We hereby declare that Edleen Medical Centre will be treating any illness or emergency.

Ons versoek u asseblief om so ver moontlik, die Mediese Fonds Besonderhede en Adres van die persoon, verantwoordelik vir die rekening, aan ons te verskaf./We request the following information per treatment: Name and date of birth of patient, Medical Aid, Medical Aid Number, name, address and contact number of person responsible for account.

Indien daar geen besonderhede is nie, sal die rekening aan Edleen Pre-Primêre Skool gestuur word en sal die Skool verantwoordelik gehou word vir die rekening vereffening binne 30 dae na besoek./In case none of above information was given to Edleen Medical Centre, the account will be sent to the school to be settling by die school within 30 days. The School will remain responsible for the account until it is fully paid.

Vir enige navrae kan u ons gerus kontak./For further information feel free to call us.

Die uwe/Regards

DR LASIA MILLER

DR JANELL RETIEF

ALGEMENE PRAKTISYNS/GENERAL PRACTITIONERS

# TOESTEMMINGSBRIEF VIR ‘N LEERLING WAT DIE NASKOOLSENTRUM BYWOON

1. Ek, ____________________________________________________________ (volle naam en van van ouer/voog) van ____________________________________________________________ (volle naam en van, sowel as ID nommer van leerling) gee hiermee toestemming dat hy/sy aan die volgende buitemuurse aktiwiteite mag deelneem en instappies mag meemaak of die beoefening daarvan

   ________________________________________________________________________________________

   ________________________________________________________________________________________

2. Ek vrywaar namens myself, my regsverteenwoordigers, my erfgename en my eksekuteurs, my kind, Naskoolsentrum Edleen, sy beamptes en werknemers hierby en onthef hulle van aanspreeklikheid vir enige skade van watter aard ook al en enige regsuitgawe of kostes wat mag voortspruit uit enige eis as gevolg van die dood van voorafgemelde kind of uit enige siekte of besering wat deur voormelde kind opgedoen word tydens sy/haar verbintenis met die Naskoolsentrum.

3. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van mediese en/of hospitaalrekeninge. Indien van toepassing, in geval van ‘n besering wat nie aan die nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.

4. Ek dra my magte as ouer/voog oor aan die hoof van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese behandeling/chirurgiese ingreep vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet, is hy/sy in staat om aan die gemelde aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/sy in goeie gesondheid.

5. Ek versoek dat die verantwoordelike persone op die volgende sal let (Noem aspekte waarvan die onderwyspersoneel bewus moet wees, bv allergiese geneigdheid tot abnormale bloeding, epilepsie ens.)

   ________________________________________________________________________________________

   ________________________________________________________________________________________

   ________________________________________________________________________________________

6. Ek aanvaar dat indien my kind nie by die skool se reëls hou nie, dat ek aanspreeklik sal wees vir enige skade wat die kind aan skooleiendom aanrig weens nie nakoming van skoolreëls nie. Verder, indien my kind skoolreëls oortree en uit beweeg uit die naskool se toesigarea, die gevaar bestaan dat die kind beseer of gedood mag word. Indien die kind wel sodanige skoolreël oortree en beseer word of gedood word sal ek en my eksekuteurs en erfgename en kinders geen skade eise teenoor die Laerskool Edleen naskoolsentrum of sy werknemers hê nie.

Die volgende inligting is noodsaaklik in geval van mediese behandeling of hospitalisasie:

| | |
|---|---|
| NAAM EN ADRES VAN WERKGEWER | ______________________ |
| VOORLETTERS EN VAN VAN VADER | ______________________ |
| TELEFOON NOMMER | ______________________ |
| VOORLETTERS EN VAN VAN MOEDER | ______________________ |
| TELEFOON NOMMER | ______________________ |
| NAAM VAN MEDIESEFONDS | ______________________ |
| MEDIESEFONDSNOMMER | ______________________ |
| HOOFLID NAAM EN VAN | ______________________ |

Vul slegs in as u van mening is dat u vir verlaagde mediese tariewe kwalifiseer (hospitaalbehandeling):

| | |
|---|---|
| BEROEP VAN VADER | ______________________ |
| BEROEP VAN MOEDER | ______________________ |
| GETAL AFHANKLIKES (met inbegrip van eggenote) | ______________________ |
| OUDERDOMME VAN AFHANKLIKES (eggenote uitgesonderd) | ______________________ |
| WOONADRES VAN OUER/VOOG | ______________________ |
| TELEFOONNOMMER (HUIS) | ______________________ |
| TELEFOONNOMMER (WERK) | ______________________ |
| TELEFOONNOMMER (ANDER) | ______________________ |

- **EK/ONS STEM TOE TOT DIE AANVRA VAN ENIGE VERSLAG VANAF EINGE KREDIETBURO DEUR DIE SKOOL / REGSVERTEENWOORDIGER TEN EINDE MY WOON- EN /OF WERKSBESONDERHEDE TE BEVESTIG ASOOK TOT BETALING VAN ENIGE KOSTES EN UITGAWES AANGEGAAN IN DIE VERBAND**

______________________
HANDTEKENING VAN OUER/VOOG

# FOOIE VIR 2019

(DEBIETORDEROPDRAG bl 15)

Alle fooie is <u>VOORUITBETAALBAAR</u> voor of op die 3de van elke maand.
Van begin van Januarie tot begin November

| | |
|---|---|
| FOOI VIR 1 LEERLING | **R1020 per maand** |
| FOOI VIR 2 LEERLINGE | **R1870-00 per maand** |
| FOOI VIR 3 LEERLINGE | **R2400-00 per maand** |
| MIDDAGETE FOOI VIR LEERLINGE WAT NIE ELKE DAG NASKOOL BYWOON NIE | **R60.00** |
| VAKANSIE TARIEF VIR LEERLINGE WAT DIE NASKOOLSENTRUM SLEGS GEDURENDE VAKANSIES BYWOON | **R100.00 per dag** |
| **Indien leerling na <u>17:30</u> afgehaal word, sal 'n fooi gehef word vir elke 5 minute daarna** | **R30.00 per kind** |
| **SLEGS LEERLINGE VAN LAERSKOOL EDLEEN MAG DIE NASKOOL BYWOON** | |

Alle gelde is <u>vooruitbetaalbaar voor</u> of op die 3de van elke maand. U eerste betaling is die begin van Januarie 2019 en die laaste betaling aan die begin van November 2019

Al is dit vakansie en u kind woon nie die Naskool by nie, bly u verantwoordelik vir 'n volle maand se naskoolfooi.

NAAM VAN LEERLING: ______________________________________________

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG: ______________________________________

DATUM: __________________________________________________________

Hiermee erken ek ________________________________, ouer van

_______________________Gr._____ ontvangs van die onderstaande reëls en

onderneem om die reëls met my kind te bespreek en hom/haar aan te moedig om die

reëls na te kom.

____________________________ ____________________________
Handtekening Ouer/s Datum

# <u>Laerskool Edleen Naskoolreëls</u>

Geagte ouers

Ons versoek u ook om hierdie reëls tuis met u kinders te bespreek en hulle aan te moedig om die reëls na te kom. Hierdie reëls is daar om die kind te beskerm en ons bespreek dit feitelik op 'n daaglikse basis met die Naskoolleerders en steeds is daar leerders wat die reëls oortree. Ons maak staat op u, as ouer en die PRIMêRE OPVOEDER van u kind, vir u samewerking in die verband.

Baie van hierdie reëls kom in die Naskoolkontrak voor wat u onderteken.

## <u>Reëls:</u>

1. Dit is die u kind se eie verantwoordelikheid om by die Naskoolsentrum aan te meld vir ete na skool, al wil hy/sy die betrokke middag nie eet nie.
2. Naskoolleerders moet eers netjies aantree vir 'n gebed en ete <u>voordat</u> hulle gewone of sportklere mag gaan aantrek.
3. Naskoolleerders **MOET** eers kom aanmeld vir ete, **<u>voordat</u>** hulle aan buitemuurse aktiwiteite gaan deelneem.
4. Gr. 2 -7 Naskoolleerders skryf dan op die uittekenlyste na watter aktiwiteit hul gaan, bv. Rugby, Netbal, Koor ens.
5. Studietyd is stiptelik om 14:15. Slegs leerders, wat onder toesig van 'n afrigter oefen, mag die Naskoolterrein verlaat om aan die betrokke aktiwiteit deel te neem. Indien u kind se buitemuurse aktiwiteit eers later die middag begin, moet u kind eers aanmeld vir studie. Hy/sy kan nie sonder toesig iewers op die terrein wees sonder toesig nie. Indien u kind nie opdaag vir studie nie, word dit beskou as versuiming om studie by te woon en sal u kind 'n skriftelike waarskuwing kry.

6. Dit is die leerders se **eie** verantwoordelikheid om by die Naskoolsentrum aan te meld vir studie wanneer hulle klaar is met buitemuurse aktiwiteite. Ons kan nie u kind gaan soek nie.

7. Die Naskoolpersoneel aanvaar geen verantwoordelikheid vir 'n Naskoolleerder wat nie tydens Naskoolure (13:45-17:30) op die Naskoolterrein is nie. U kind weet dat hy/sy op die Naskoolterrein moet wees.

8. Studie is verpligtend, al het 'n leerder nie huiswerk nie.

9. Dit is u kind se eie verantwoordelikheid om die studieklas by te woon. Register word tydens studie geneem. **Neem asb. kennis dat studietyd nie u as ouer se aandag en pligte saans vervang nie.** Indien u kind nie sy huiswerk in die studieklas voltooi het nie, kan hulle dit onder die afdak of tuis voltooi.

10. Indien u kind se buitemuurse aktiwiteit eers later die middag begin, moet u kind eers studie bywoon.

11. Geen leerder mag gedurende die middag die Naskoolterrein verlaat nie, tensy u nie **SKRIFTELIK** toestemming verleen het nie. Leerlinge moet persoonlik afgehaal **EN** uitgeteken word deur die persone wat skriftelik deur u gemagtig is.

12. Indien u kind op 'n sekere tyd moet huis toe gaan, hetsy per voet of per fiets moet u dit skriftelik magtig en die tyd aandui waarop die kind die terrein moet verlaat.

13. Daar is geweldig baie leerders wat vloek of krutaal gebruik. Praat asb met u kind oor sy taalgebruik.

14. Geen gevaarlike speletjies mag op die Naskoolterrein gespeel word nie, bv. Judo, Karate, stoei, rugby ens. Leerders mag ook nie tennis of krieket op die Naskoolterrein speel nie, aangesien daar nie plek is vir hierdie aktiwiteite nie. Hulle mag wel sokker speel.

15. Leerders mag nie van swaaie of klim-en-klouters af spring nie.

16. Leerders mag nie onderstebo aan swaaie of klim-en-klouters hang nie.

17. Leerders mag nie ander leerders vloek, spoeg, byt, stamp, stoot, klap, slaan of duik nie – nie eens tydens 'n speletjie nie.

18. Daar mag slegs met <u>ronde</u> (verkieslik sagte balle) op die Naskoolterrein gespeel word.

19. Leerders se sporttoerusting, bv. rugbyballe, krieketkolwe, krieketballe, hokkiestokke en tennisrakkette mag in die Naskoolklas gebêre word.

20. Merk asb. u kind se klere. Ons help graag om u kind se klere te soek, maar dit bemoeilik ons taak indien die klere nie gemerk is nie.

21. Ons is egter nie verantwoordelik vir u kind se speelgoed of selfone nie. Dit is die kind se eie verantwoordelikheid.

22. B a i e b e l a n g r i k: **Indien u u kind laat kom haal, moet u asb. vir Gerrie Cloete by 072 311 4384 in kennis stel dat u laat gaan wees. Indien u nie 'n wettige verskoning het nie, sal 'n fooi van R30.00 per leerling, vir elke 5 minute vanaf 17:30 gehef word. Dit moet in kontant aan die naskoolpersoneel betaal word.**

23. Elke leerling moet elke middag die nodige skryfbehoeftes hê om hulle huiswerk mee te doen.
    Ons doen 'n beroep op veral ons Junior maats (Gr 1 – 3) dat elke leerling 'n gemerkte pennesakkie met die volgende skryfbehoeftes by die naskoolklas sal inhandig. Elke middag neem die studie-juffrou die pennesakkies saam na die studieklas. Dit verhoed dat pennesakkies by die huis vergeet kan word.

    **Skryfbehoeftes:** 2H Gryspotlood , uitveër, skerpmaker met houer, inkleurkryte, gom en 'n liniaal. Alles moet asseblief duidelik gemerk wees.

Dankie vir u samewerking in die verband.

**Naskool groete**

# LAERSKOOL EDLEEN

DEBIETORDEROPDRAG

## VOLTOOI ASSEBLIEF VOLLEDIG

| Leerlinginligting (van oudste tot jongste) | Hierdie jaar | Volgende jaar |
|---|---|---|
| Naam en Van | Graad ________ | Graad _____ |
| Naam en Van | Graad _______ | Graad ____ |
| Naam en Van | Graad _______ | Graad ____ |
| Naam en Van | Graad _______ | Graad ____ |
| Van en Voorletters van Rekeningpligtige: __________________________________________________ | | |

| | |
|---|---|
| Bank | |
| Taknaam en Dorp | |
| Taknommer | |
| Rekeningnommer | |
| **Tipe Rekening** | |

**(OMKRING ASB DATUM VAN VOORKEUR)**

Ek / Ons versoek hiermee en magtig u om my rekening met R ____________ te debiteer op die 1ST / 25ST / 28 ST dag van elke maand, vanaf Januarie vir 11 maande tot November.

**Skoolfonds vir 2019: Een Kind: R1350, Twee Kinders: R2500 en Drie Kinders: R3000**

**PPS vir 2019: Voldag R2200 en Halfdag R1400 – 12 maande**

**Naskool vir 2019: Een Kind: R1020, Twee Kinders: R1870 en Drie Kinders: R2400**

**GEEN SKRYFBEHOEFTES OF TOERE KAN PER DEBIET ORDER BETAAL WORD NIE SLEGS SKOOLFONDS.**

Ek / Ons stem toe Om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. **Hierdie magtiging kan skriftelik met 30 dae kennisgewing opgehef word.** Ek / Ons is nie geregtig op 'n terugbetaling nie van die bedrag wat die skool onttrek het terwyl hierdie magting van krag was, indien sodanige bedrae regtens aan die skool verskuldig was.

Onderteken te ______________________________________ op hierdie ______________________

Dag van ________________________________

Handtekening : __________________________

| **KANTOORGEBRUIK** | |
|---|---|
| **DATUM GELAAI** | |
| **BUSINESS INTEGRATOR** | **AANVAAR / NIE AANVAAR** |
| **REKENING NOMMER** | |